

8 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9
Fokusgedeelte: Filippense 4:4-7

Christus is my vrede!

Die gedagte van VREDE oorskadu hierdie hele gedeelte. Christus se nalatenskap aan ons is sy vrede (vgl. Joh 14:27; Ef 2:14). Daarom moet 'n Christen beskryf kan word met die woord "vrede". Vrede is die teenoorgestelde van oorlog. Oorlog roep gedagtes op soos, stryd, vyande, vergelding, dood, lyding ... Wat beskryf jou hart op die oomblik? Is dit die woord VREDE, of word dit beter deur een van bogenoemde woorde beskryf wat wys op oorlog (onvrede)? Paulus beveel drie dinge wat die gelowige moet doen, waarna die "*vrede van God*" oor die "*hart en gedagtes*" van die gelowige sal waghou.

Die eerste tree wat ek gee as daar onvrede in my hart is, is om by die Here, wat dood was en weer opgestaan het, te gaan staan (vs 4). Ware blydschap hang nie van my omstandighede af nie, MAAR in Wie se geselskap ek is. Vind jou vreugde in die Here. In die heerlike sekerheid dat jy van alle sondeskuld verlos is.

As ek by Christus is, gee ek die volgende tree van vrede na diegene wat my lewenspad kruis. Die woord "inskiklik" (vs 5) wys daarop dat ek 'n goeie gesindheid teenoor my medemens moet hê. Omdat ek weet ek leef in Christus se teenwoordigheid EN omdat ek Hom enige oomblik terug verwag, weet ek dat mense nie die laaste sê oor my omstandighede of my lewe het nie, Christus het.

By Christus kan ek in alle omstandighede ALLES biddend in God se hande oorlaat (vs 6). In Christus se teenwoordigheid weet ek dat soos my lewe verloop, is God se beste plan vir my. Om al jou sorg biddend in God se hande te laat, is soms pynlik, ook verstaan ek nie altyd alles nie, maar dankbaar laat ek alles oor aan Hom.

Wanneer Christus en sy liefde vir my 'n groter werklikheid word as my probleme. Wanneer sy almag groter word as die dinge wat my bang en benoud maak, dan kom "*die vrede van God*" en keer dat dinge soos bekommernisse, twyfel en moeilike omstandighede my sal weglei uit die heerlike teenwoordigheid van my Here, Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)